

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Landboukredietraad v Vrystaat Lewendehawe and Others (121/89) [1989] ZASCA 120 (28 September 1989) [1989] ZASCA 120

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Joubert, Hefer, Nestadt, Kumleben, Nicholas

CASE / FILE NUMBER

121/89

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA APPÉLAFDELING

In die saak tussen:

DIE LANDBOUKREDIETRAAD Appellant

enVRYSTAAT LEWENDEHAWEKOOPERASIE BPK J Eerste Respondent

en

HENDRIK JOHANNES PHILIPPUS DE KLERK

HAROLD ZINMAN NNO Tweede Respondente

Coram: JOUBERT, HEFER, NESTADT, KUMLEBEN ARR et NICHOLAS Wn AR.

Verhoor: 19 September 1989

Gelewer: 28 September 1989

2

UITSPRAAK

JOUBERT AR.: Hierdie appèl is gerig teen 'n uitspraak van BESTER R in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling wat gerapporteer is as die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk. v De Klerk en Zinman NNO en 'n Ander, 1989(1) SA 632 (O). Met verloop van die Hof a quo kom die Landboukredietraad as appellant in hoër beroep na hierdie Hof. Omdat die uitspraak van die Hof a quo die relevante feite van die saak besonder karig vermeld, ag ek dit gerade om hulle ter wille van 'n behoorlike begrip van die agtergrond wat tot die saak aanleiding gegee het, kortliks weer te gee. Die relevante feite is gemene saak. D C J Keyter ("Keyter sr.") en sy seun M G Keyter ("Keyter jnr.") het vir hul eie rekening in die Oos-Vrystaat geboer. Hulle was lede van die Eerste

Respondent

/3 3

(die "Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk") wat 'n primêre landboukoöperasie, soos bedoel in art 173(1) van die Koöperasiewet 91 van 1981 (die "Koöperasiewet") is. Vantyd tot tyd tot omstreeks einde Februarie 1983 het beide Keyters met kredietfasiliteite wat die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk aan hulle verskaf het, lewende hawe vir hul onderskeie boerderye gekoop.

Dit was deurgaans gemene saak tussen die partye dat die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk uit hoofde van art 173(1)(c) van die Koöperasiewet (voordat dit met ingang van 12 April 1985 deur art 20(a) van Wet 42 van 1985 gewysig

is) 'n statutêre pandreg oor al die lewende hawe van beide Keyters verkry het. Die relevante bepaling van art 173(1)(c) het tot 12 April 1985 soos volg gelui:

"Solank 'n bedrag deur 'n lid aan 'n primêre landboukorporasie — verskuldig is ten

/4 4

opsigte van lewende hawe — deur die

koöperasie aan hom verskaf

(a)

(b) (c) word alle landbouprodukte waarvan daardie lid op die datum waarop die skuld ontstaan die eienaar is of wat binne 18 maande na daardie datum deur hom geproduseer of verkry word, of, indien 'n Staatsgewaarborgde kredietskema ten opsigte van daardie skuld van toepassing is, wat binne enige tydperk na bedoelde datum deur hom geproduseer of verkry word, geag aan die koöperasie verpand te wees so volkome en werkdadiglik asof daardie produkte aan die koöperasie gelewer is." Volgens art 1(1) se omskrywing van die woord "landbouproduk"

alvorens dit gewysig is deur art 1(a) van Wet 80 van 1987

het dit beteken:

"'n artikel in Deel A van Bylae 1 genoem of kragtens subartikel (2) van hierdie

/5 5

artikel tot 'n landbouproduk verklaar." Op sy beurt vermeld Deel A van Bylae 1 tot die Koöperasiewet

(voor dit deur Wet 80 van 1987 gewysig is) onder item 13:

"Lewende Hawe."

Met die boerdery van beide Keyters hetdit egter nie voor die wind gegaan nie. Hulle het finansiëleprobleme opgedoen o.a. weens droogte en misoeste. Op

14 Junie 1983 het Keyter sr. by die appellant (die

"Landboukredietraad") uit hoofde van die bepalings van dieWet op Landboukrediet 28 van 1966 skriftelik aansoek gedoenom geldelike hulp vir die betaling van sy skulde (Oorkonde,band 3 p 238-269). In sy aansoek het Keyter sr. egtergeen melding gemaak nie van die feit dat hy op daardie stadiumR17 228-55 aan die Vrystaat Lewende Hawe Kooperasie Bpkverskuldig was en dat laasgenoemde ter versekering daarvan'n statutêre pandreg oor al sy lewende hawe het. Op 1 Augustus

/6 6

1983 het die Landboukredietraad kragtens art. 10 van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 geldelike bystand ten bedraevan R312 000-00 onderhewig aan sekere voorwaardes skriftelikaan Keyter sr. aangebied wat dit op 28 September 1983 skriftelikaanvaar het. (Oorkonde, band 3 p 272-283). Die aanbodvan die geldelike bystand was onderhewig aan sekuriteit watdie Staat verlang het. In terme van klousule 3.1 van die.aanbod het die Landboukredietraad as 'n verdere voorwaardevereis dat:

"3.1.2: u die eiendomsreg op 750 skape, 240 koeie, Slattery Stroper en twee L M Sleepwaens in u aansoek genoem kragtens artikel 38 van die Wet op Landboukrediet 1966, aan die staat oordra, vir watter doel 'n Memorandum van Ooreenkoms aan u plaaslike landdros gestuur is wat deur u voor hom onderteken moet word nadat dit deur hom ingevul is." Dit is gerieflik om hier die bepalings van art 38 (1) en (2)

/7 7

van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 aan térhaal:

"(1) Wanneer daar ingevolge hierdie Wet 'n voorwaarde gestel word dat die eiendomsreg op roerende goed op die Staat oorgedra moet word as sekuriteit of gedeeltelike sekuriteit vir-

- (a) bystand aan 'n persoon verleen; of
 - (b) enige bedrag ingevolge hierdie Wet verhaalbaar, gaan die Minister en daardie persoon 'n ooreenkoms aan waarby bedoelde eiendomsreg aldus oorgedra word.
- (2) Sodra so 'n ooreenkoms aangegaan is, word die roerende goed waarop dit betrekking het, ondanks andersluidende wetsbepalings of bepalings van die gemene reg, die eiendom van die Staat."

Op 14 November 1983 is die skriftelike ooreenkoms ingevolge

art 38(1) van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 deur Keytersr. en die Minister van Landbou aangegaan waarvolgens Keyter sr. die eiendomsreg oor sy roerende goed (insluitende sy lewende hawe), soos beskryf in 'n aanhangsel daartoe, aan die Staat as sekuriteit vir sy leningsbedrag plus rente en

/8 8

koste oorgedra het. In 'n verdere aanhangsel daartoe word verklaar dat die staatsmerk op sy lewende hawe aangebring is. (Oorkonde, band 3 p 285-292). Op 23 Augustus 1984 het die Departement van Landbou toegestem dat Keyter sr. sommige van sy lewende hawe deur ander lewende hawe vir doeleindes van sekuriteitstelling vervang (Oorkonde, band 4 p 299-301). Hierdie vervanging affekteer nie die geskilpunt in hierdie appèl nie. Op 16 Junie 1983 het Keyter jnr. skriftelik by die Landboukredietraad uit hoofde van die bepaling van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 skriftelik aansoek gedoen om geldelike hulp vir die betaling van sy skulde. (Oorkonde, band 2 p 134 - 161). Daarin vermeld hy wel dat hy R36 500-00 aan die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk verskuldig is waarvoor hy 'n dreigbrief ontvang het. Hy vermeld egter niks oor versekerde skulde, soos bv pandreg op sy roerende

/9 9

goed nie. (Oorkonde, band 2 p 146). Dog in Lys E waar hy besonderhede van sy beswaarde lewende hawe moes verstrek, het Keyter jnr. wel vermeld dat sy lewende hawe aan die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk vir 'n totale skuld van R36 500-00 beswaar is. (Oorkonde, band 2 p 152). Sy aansoek om geldelike hulp is op 4 Julie 1983 deur die Landboukredietraad geweier. Hy het op 13 Julie 1983 egter aangebied om 50 koeie as verdere sekuriteit te gee. (Oorkonde, band 2 p 163). Op 12 Oktober 1983 het die Landboukredietraad kragtens art 10(1) van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 skriftelik bystand ten bedrae van hoogstens R37 200-00 onderhewig aan sekere skriftelike voorwaardes aan Keyter jnr. aangebied wat dit skriftelik aanvaar het. Op 9 Desember 1983 is die skriftelike ooreenkoms ingevolge art 38(1) van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 deur Keyter jnr. en die Minister van Landbou aangegaan waarvolgens Keyter jnr. die eiendomsreg

/10 10

oor sy roerende goed (insluitende sy lewende hawe), -soos beskryf in 'n aanhangsel daartoe, aan die Staat as sekuriteit vir sy leningsbedrag plus rente en koste oorgedra het. In 'n verdere aanhangsel daartoe word verklaar dat die staatsmerk op sy lewende hawe aangebring is. (Oorkonde, band 2 p 179-186). Dit bring ons nou by die insolvensie van beide Keyters wat aanleiding tot die ontstaan van 'n dispuut tussen die partye gegee het. Op 28 Maart 1985 is beide Keyters se boedels finaal gesekwestreer. Die tweede respondente (de Klerk N O en Zinman N O) in hierdie appèl is as trustees in beide insolvente boedels aangestel. Ek sal voortaan na hulle as die "trustees" verwys. Hulle het opdrag gegee dat al die bates van beide Keyters se insolvente boedels per publieke veiling op 16 April 1985 verkoop moes word. Op 15 April 1985 het die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk

/11 11

as applikant 'n aansoek in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling geloods teen die trustees as eerste respondente en die Landboukredietraad as tweede respondent om te verhinder dat die lewende hawe in die insolvente boedels van beide Keyters op die veiling verkoop word. Die trustees het die aansoek bestry op grond daarvan dat die Landboukredietraad kragtens art 38 van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 eiendomsreg oor die betrokke lewende hawe bekom het. Daar was ook 'n aansoek van ene Stoffberg teen die trustees oor 40 beeste wat hy gedurende 1984 aan Keyter jnr. verkoop het, soos uit die stukke voor hierdie Hof blyk, maar dis van geen belang wat hierdie appèl betref nie. Op 16 April 1985 het MALHERBE R die aansoek van die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk aangehoor. Hy het geweier om die verkoping van die lewende hawe te verbied. Hy het wel gelas dat die trustees die opbrengs van die lewende hawe se verkoop apart belê en dat

/12 12

die aansoek na mondelinge getuienis verwys word "om te beslis wie geregtig is op die opbrengs van die lewende hawe." (Oorkonde, band 1 p 47 - 48). Dit is die geskilpunt tussen die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk en die Landbou-kredietraad, ook in hierdie appel. Volgens paragraaf 7 van die Minuut van die Reël 37 - samespreking tussen die partye het die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk die eiendomsreg van die Landboukredietraad oor al die verkoopte lewende hawe erken uitgesonderd die eiendomsreg oor 16 koeie wat Keyter jnr. op 25 Februarie 1983 te Bandolierskop gekoop het. Die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk het aanspraak gemaak op die eiendomsreg oor hierdie 16 koeie. Die Landboukredietraad het die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk se pandreg oor al die verkoopte lewende hawe erken.

By die verhoor van die aangeleentheid

/13 13

in die Hof a quo is getuienis nie aangevoer nie. a quo het die aansoek van die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk teen die Landboukredietraad met koste toegestaan. Die Landboukredietraad kom teen daardie uitspraak in hoër beroep na hierdie Hof, soos reeds vermeld. Die trustees neem nie deel aan die verhoor van die appèl nie en berus hul in die uitspraak van hierdie Hof. Toe die appèl voor hierdie Hof neergesit is vir verhoor op 16 Mei 1989 is dit op versoek van die partye uitgestel tot 19 September 1989 ten einde paragraaf 7 van gemelde Minuut te wysig, aan te vul of te vervang. Koste van die uitstel is voorbehou. Die partye het genoemde paragraaf 7 deur 'n nuwe paragraaf vervang waarvan die strekking soos volg is: 1. Die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk trek sy

/14 14

vroeëre erkenning terug dat die Landboukredietraad eiendomsreg oor al die lewende hawe (behoudens die 16 koeie) wat op die veiling verkoop is, gehad het.

2. Die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk se aanspraak op die eiendomsreg van die 16 koeie val weg.
3. Die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk maak aanspraak daarop dat hy kragtens die Koöperasiewet 91 van 1981 se bepalings 'n pandreg gekry het oor al die lewende hawe wat op die veiling verkoop is en dat sodanige pandreg gevestig is voor die datums waarop beide Keyters ooreenkomste met die Minister van Landbou ingevolge art 38(1) van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 aangegaan het. Hierdie aanspraak word erken deur die Landboukredietraad.
4. Die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk erken dat

/15

15

die Minister van Landbou vermelde ooreenkomste met beide Keyters te goedertrou aangegaan het.

By die verhoor van die appèl in hierdie Hof het adv. de Villiers namens die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk aangevoer dat die ooreenkomste wat beide Keyters met die Minister van Landbou ingevolge art 38(1) van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 aangegaan het ongeldig en onafdwingbaar is in soverre hulle op lewende hawe van die Keyters betrekking het. In die alternatief het hy beweer dat die eiendomsreg van beide Keyters se betrokke lewende hawe nie op die Staat oorgegaan het nie. Hierdie betoog met sy alternatiewe betoog kan gerieflikheidshalwe as een argument beskou word omdat hulle op dieselfde grondslag gebaseer is. Hy het as uitgangspunt daarop gewys dat dit gemene saak is dat die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk se statutêre pandreg oor al die lewende hawe van beide Keyters ingevolge

/16 16

art 173(1)(c) van die Koöperasiewet 91 van 1981 gevestig isvoordat die Keyters hul ooreenkomste met die Minister van Landbou kragtens art 38(1) van die Landboukredietwet 28 van 1966 aangegaan het. Hy het betoog dat kragtens art 173(1)(e) van die Koöperasiewet 91 van 1981 beide Keyters verbied wasom hul lewende hawe te vervreem of van die hand te sit. Volgens sy betoog kon die Staat die eiendomsreg oor hul lewendehawe slegs met die toestemming of 'n permit van die Vrystaat Lewendehawe Koöperasie Bpk verkry terwyl laasgenoemde nooit sy toestemming daartoe verleen het nie. Die relevante gedeelte van gemelde art 173(1)(e) lui soos volg:

"Solank 'n bedrag deur 'n lid aan 'n primêre

landboukoöperasie - verskuldig is ten

opsigte van - lewende hawe - deur

die koöperasie aan hom verskaf

(b) (c)

/17 17

(d)

(e) mag daardie lid behoudens die bepalings van artikel 64 (2A) of (2B) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet No 59 van 1968), nie bedoelde produkte van die hand sit nie en mag niemand behoudens genoemde bepalings daardie produkte anders as van die kooperasie verkry nie behalwe deur bemiddeling van die kooperasie of kragtens 'n permit deur die kooperasie uitgereik op die voorwaardes wat hy bepaal." Die groot struikelblok in die weg van

adv. de Villiers se argument is egter die bepalings van art

176 van die Kooperasiewet 91 van 1981 wat soos volg lui:

"Die bepalings van hierdie Hoofstuk raak nie 'n reg of bevoegdheid van die Staat of die Minister kragtens die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No 28 van 1966), nie." Ek mag daarop wys dat art 176 is opgeneem in Hoofstuk IX van

/18 18

die Kooperasiewet 91 van 1981 wat arts 172 tot 177 inklusief beliggaam. In 'n poging om die bepalings van art 176 te omseil, het adv. de Villiers betoog dat die bedoeling van die Wetgewer in art 176 is "dat waar daar strydigheid bestaan tussen 'n reg of bevoegdheid van die Staat of die Minister soos bepaal in die Wet op Landboukrediet aan die een kant, en die bepalings van Hoofstuk IX van die Kooperasiewet aan die ander kant, die bepalings van die Wet op Landboukrediet voorgaan." Dit is 'n erkende beginsel by die vertolking van wetgewing dat die woorde van 'n Wetsbepaling in hul gewone, grammatikale betekenis verstaan moet word tensy dit uit die samehang van die betrokke Wet sou blyk dat so 'n vertolking aanleiding tot 'n absurditeit sou gee of tot 'n resultaat sou lei wat strydig met die duidelike bedoeling van die Wetgewer sou wees, in welke geval 'n hof bevoeg sou wees om van die

/19 19

gewone grammatikale betekenis van die woorde af te wyk teneinde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee. Vgl. *R v Venter* 1907 T S 910 op 915, *Shenkerv The Master and Another* 1936 A D 136 op 142, *Ebrahim v Minister of the Interior* 1977 (1) SA 665 (A) op 678 A-G. In die onderhawige geval is die bewoording van art 176 na my oordeel volgens hul gewone, grammatikale betekenis ondubbelsinnig en glashelder, nl. dat die bepalings van Hoofstuk IX van die Kooperasiewet 91 van 1981 (wat art 173(1)(c) en (e) insluit) nie betrekking het op 'n reg of bevoegdheid wat die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 aan die Staat of die Minister verleen nie. Art 38(2) van laasgenoemde Wet verleen aan die Staat eiendomsreg o'or die roerende goed ten aansien waarvan 'n ooreenkoms uit hoofde van art 38(1) bepaal dat dit aan die Staat in eiendomsreg as sekuriteit vir bystand oorgedra word. Daar is geen

/20 20

sprake daarvan dat 'n dergelike betekenis aanleiding tot'nabsurditeit sou gee of tot 'n resultaat sou lei wat strydigmet die bedoeling van die Wetgewer sou wees nie. Daar is ook geen sprake van 'n "strydigheid" wat die Wetgewer soubedoog het, soos adv. de Villiers betoog het, nie. Namy oordeel is die hele betoog van adv. de Villiers geheel al sonder enige substansie. Dit is ongegrond enonaanvaarbaar. Dit kan nie aangewend word om art 176 teomseil soos hy gepoog het nie. In die onderhawige gevalhet die Staat dus nie sy eiendomsreg oor die lewende hawevan die Keyters verloor nie. Bowendien vernietig dieeiendomsreg van die Staat geensins die statutêre pandreg vandie Vrystaat Lewendehawe Kooperasie Bpk nie.

In 'n verdere alternatiewe argument het adv. de Villiers betoog dat die vroeërgevestigde statutêre pandreg van die Vrystaat Lewendehawe Kooperasie Bpk behoort

/21 21

voorkeur te geniet bo die reg van die Staat om eerste aanspraak te maak op die opbrengs van die verkoopte lewende hawe as sekuriteit vir sy bystand aan die Keyters. Hierdie submitisie kom ook neer op 'n totale miskenning van die effek van art 176, nl. dat die bepalings van Hoofstuk IX van die Koöperasiewet 91 van 1981 (wat art 173(1)(c) en (e) insluit) nie betrekking het op 'n reg of bevoegdheid wat die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 aan die Staat of die Minister verleen nie. Dit volg dat die appèl moet slaag. Die volgende bevel word verleen:

1. Die appèl word gehandhaaf met koste. Hierdie koste sluit in die koste verbonde aan die verskyning in hierdie Hof op 16 Mei 1989.
2. Die bevel van die Hof a quo word vervang deur die volgende bevel:
 - (a) "Die netto opbrengs van die verkoopte

/22 22

vee moet deur die trustees van die insolvente boedels van D C J Keyter en M G Keyter in die eerste instansie aangewend word om die eise van die Landboukredietraad teen gemelde insolvente boedels te delg.

- (b) Die Vrystaat Lewendehawe Kooperasie Bpk word gelas om die koste van die eerste en tweede respondente te betaal." 3. Die partye word die geleentheid verleen om binne 14 dae vanaf datum van lewering van hierdie uitspraak skriftelik vertoë aan die Griffier van hierdie Hof te rig, indien hulle dit noodsaaklik vind, betreffende die bevel in paragraaf 2(b) rakende die koste van die eerste respondent in die hof a quo .

C. P. JOUBERT AR.

HEFER AR) NESTADT AR) Stem saam. KUMLEBEN AR) NICHOLAS Wn AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1989/120.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/landboukredietraad-v-vrystaat-lewendehawe-and-others-unknown-topic-asca-1989>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria